higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4

(6030154)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
GEREKENARISEERDE FINANSIËLE STELSELS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS

1. DRIE uur word toegelaat om die vraestel te voltooi. Die drie uur sluit in ALLE data-invoer, ALLE drukwerk van antwoorde en ALLE geskrewe werk (indien nodig).

2. Indien daar ’n kragonderbreking sou wees of ’n rekenaar onklaar sou raak, moet die betrokke kandidate addisionele tyd gegee word (dieselfde hoeveelheid as die werklike verlore tyd).

3. Nadat die eksamensessie verby is, moet toesighouers seker maak dat die EKSAMENNOMMER en WATERMERK van elke kandidaat se werkstasie op AL die DRUKSTUKKE/ANTWOORDE wat ingehandig word, verskyn. GEEN drukstuk/antwoord SONDER ’n eksamennommer en watermerk sal nagesien word nie.

4. DRUKSTUKKE/ANTWOORDE moet NIE aan mekaar gekram word nie. Kandidate sal gepenaliseer word as DRUKSTUKKE aan mekaar gekram is.

5. Nadat die eksamensessie verby is, moet toesighouers AL die DRUKSTUKKE wat nie nagesien moet word nie, inneem. Hoegenaamd GEEN DRUKSTUKKE mag deur kandidate uit die eksamenlokaal verwyder word of in asdromme geplaas word nie.

6. GEEN eksamenpapier moet uit die eksamenkamer verwyder word totdat EEN uur verstreke is sedert die begin van die laaste eksamensessie op die dag van die eksamen nie.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. DRIE uur word vir die eksamen toegelaat. Dit sluit in ALLE data-invoer, drukwerk van antwoorde en geskrewe werk (indien nodig). GEEN addisionele tyd sal vir drukwerk toegelaat word nie.

5. Maak die rekeningstelsel OFFSTAT oop wat reeds op die rekenaar gelaai is. As jy ’n netwerkgebruiker is, maak seker jy selekteer die stel rekeninge wat vir jou werkstasie gelaai is.

6. Om te verseker dat jou EKSAMENNOMMER (WERKSTASIENOMMER) op AL die DRUKSTUKKE verskyn, doen die volgende voordat jy die vrae beantwoord:

   Selekteer ‘STAP’
   Selekteer ‘COMPANY PARAMETERS’
   Selekteer ‘Company Name’
   Druk CTRL + SHIFT + T
   Tik jou EKSAMENNOMMER (werkstasienommer) in
   Klik ‘OK’

7. Druk slegs op EEN KANT van die papier.

   Rangskik die DRUKSTUKKE in die korrekte volgorde en handig SLEGS in wat vereis word. As jy aaneenlopende papier gebruik het, skei die velle van mekaar voordat jy hulle inhandig.

8. GEEN DRUKSTUKKE mag aan mekaar gekram word nie.

9. **LET WEL:** 5 punte sal afgetrek word as DRUKSTUKKE NIE in die korrekte volgorde gerangskik is nie, as jy NIE aaneenlopende papier geskei het nie of as jy op AL TWEE kante van die papier gedruk het.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

OFFSTAT Stationers is die mees vertroude naam in groothandelskryfbehoeftes in Suid-Afrika. Ons het ’n 100%-terugbetalingswaarborg op al ons produkte. Offstat Stationers het ’n wêreldwye verskaffer in 40 lande geword. Ons is trots Suid-Afrikaans en ons beroem ons op die gehalte en uitnemende diens wat ons aan ons kliënte bied. Die besigheid maak gebruik van die gerekenariseerde boekhoustelsel, Pastel. Sylvia Mabeche is die aangestelde boekhouer.

Die besigheid se finansiële jaar is van 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019.

Die besigheid is vir BTW geregistreer en maak twee maandelikse betalings aan die Suid-Afrikaanse Ontvanger van Inkomste, volgens die faktuurbasis.

Jy word versoek om die opstellingsparameters te voltooi, soos wat onder die afdeling ADDISIONELE PARAMETEROPSTELLING aangedui word. Verwerk die res van die transaksies vir Julie 2018 (Termyn 1)

1. PARAMETEROPSTELLING

1.1 SOORTE INSKRYWINGS (reeds opgestel)

NR.	SOORT INSKRYWING
1	CB1 Payments (kontantbetalingsjoernaal)
2	CB 1 Receipts (kontantontvangstejoernaal)
3	CB 2 Payments (wisselgeldbetalingsjoernaal)
4	CB 2 Receipts (wisselgeldontvangstejoernaal)
5	General Journal (algemene joernaal)
6	Customers’ Journal (klantejoernaal)
7	Suppliers’ Journal (verskafferjoernaal)
8	Customers’ Allowances Journal (klantvoorsieningsjoernaal)
9	Suppliers’ Allowances Journal (verskaffervoorsieningsjoernaal)
10	Bad Debts Journal (joernaal vir slegte skuld)
11	Interest Charged Journal (joernaal vir rente gehef)
12	Stock Journal (voorraadjoernaal)

Kopiereg voorbehou

1.2 REKENINGE IN DIE ALGEMENE GROOTBOEK (reeds opgestel)

REKENING	NOMMER	SALDO
Sales (Verkope)	1000/000	
Purchases (Aankope)	2000/000	
Bad debts recovered (Verhaalde slegte skuld)	2850/000	
Advertising and promotions (Advertensies en reklame)	3050/000	
Bad debts (Slegte skuld)	3150/000	
Bank charges (Bankkoste)	3200/000	
Computer expenses (Rekenaaruitgawes)	3300/000	
Consumables (Verbruiksgoedere)	3350/000	
Depreciation (Depresiasie)	3450/000	
Donations (Donasies)	3600/000	
Electricity and water (Elektrisiteit en water)	3650/000	
General expenses – Gifts (Algemene uitgawes – Geskenke)	3800/010	
Insurance (Versekering)	3850/000	
Interest paid (Rente betaal)	3900/000	
Motor vehicles – Insurance and licence (Motorvoertuie – Versekering en lisensies)	4150/030	
Printing and stationery (Drukwerk en skryfbehoeftes)	4200/000	
Rent paid (Huurgeld betaal)	4300/000	
Refreshments (Verversings)	4380/000	
Salaries and wages (Salarisse en lone)	4400/000	
Staff training (Personeelopleiding)	4450/000	
Capital (Kapitaal)	5100/000	185 718,81
Retained income/Accumulated loss (Teruggehoue wins/Opgehoopte verlies)	5200/000	
Drawings (Onttrekkinge)	5400/000	7 500,00
Motor vehicles (Motorvoertuie)	6200/000	
Motor vehicles: Cost (Motorvoertuie: Koste)	6200/010	151 500,00
Motor vehicles: Accumulated depreciation (Motorvoertuie: Opgehoopte depresiasie)	6200/020	36 500,00
Office equipment (Kantoortoerusting)	6300/000	
Office equipment: Cost (Kantoortoerusting: Koste)	6300/010	
Office equipment: Accumulated depreciation (Kantoortoerusting: Opgehoopte depresiasie)	6300/020	
Trading stock (Handelsvoorraad)	7700/000	7 851,31
Customers control (Klantebeheer)	8000/000	18 750,00
Bank	8400/000	Bereken
Cash float (Wisselgeld)	8410/000	1 000,00
Suppliers control (Verskafferbeheer)	9000/000	14 382,50
VAT control (BTW-beheer)	9500/000	
Opening balance (Beginsaldo)	9990/000	

Kopiereg voorbehou

1.3 VERSKAFFERLYS (reeds opgestel)

Kode	Verskaffer
S001	Campbell Wholesalers
S002	PTA Office Supplies
S003	Statesman Stationery

1.4 KLANTELYS (reeds opgestel)

Kode	Klante	Saldo 30 April 2018
C001	Louisvale Py Ltd	10 750,00
C002	Pella Distributors	8 000,00
CZ99	Kontantverkope	

1.5 VOORRAAD SOOS OP 30 JUNIE 2018 (voorraaditems reeds opgestel)

Die besigheid se voorraadstelsel word op ’n voortdurende basis met die rekenaarprogram hanteer. ALLE voorraadaankope word deur middel van koopbriewe gedoen, en ALLE verkope deur middel van die gerekenariseerde faktuurstelsel.

Voorraaditems is reeds opgestel. Die besigheid voeg ’n 125%-winsruimte by die kosprys van voorraaditems.

Eksklusiewe belastingverwerking word op ALLE voorraadaankope en -verkope toegepas, behalwe waar daar andersins op fakture aangedui word.

Die volgende voorraadkodes en pryse (BTW uitgesluit) is van toepassing:

Kopiereg voorbehou

Voorraad-kode	Beskrywing	Eenheid	In voorraad	Kos-prys	Verkoops-prys
233	Balpuntpen	60	18	146,22	329,00
236	Bostik 100 g	3 Pax	17	22,13	49,80
COU	Koerierkoste	P/km			4,50
306	Neonpen (‘highlighter’)	8 Pax	16	57,33	129,00
324	Permanente merkpen	Elk	15	24,36	54,80
133	Liniaal 30 cm	Elk	14	3,91	8,80
473	Kramdrukker	Elk	13	44,44	100,00
336	Afkanter (‘trimmer’)	Elk	12	244,00	549,00

2. ADDISIONELE PARAMETEROPSTELLING

- Boodskap op verskafferfaktuur: Aanlyn-inkopies begin op 1 Augustus 2018
- Die invoer van belastingfakture moet met TI1 begin.
- Die invoer van debietbriewe moet met DN1 begin. Herbenoem die dokument DEBIETBRIEF.
- Daar is geen afslag op koerierkoste nie.
- Koppel die rente gehef (‘interest charged’) aan die korrekte soort inskrywing. Rente: 22,5% p.a.
- As daar geen voorwaardes vir vroeë betaling vir ’n spesifieke faktuur is nie, skep ’n nuwe voorwaarde/voeg ’n nuwe voorwaarde by.

3. TRANSAKSIES VIR JULIE 2018 (TERMYN 1)

3.1 Jy moet die bankrekonsiliasie vir Julie 2018 doen. MOENIE die kontantontvangste- en kontantbetalingslotte opdateer tot nadat jy die bankrekonsiliasie voltooi het nie.

3.2 Gebruik die VERWYSING-REKONSILIASIEMETODE vir die doeleindes van bankrekonsiliasie.

3.3 Wanneer jy gerekenariseerde brondokumente verwerk, selekteer die opsie om BELASTINGPERSENTASIES in die lyninskrywings op hierdie dokumente te vertoon.

3.4 Sodra jy die invoer van gerekenariseerde brondokumente en lotte joernale voltooi het, moet jy dit druk en opdateer.

Kopiereg voorbehou

3.5 Raadpleeg die aangehegde ADDENDUM rakende die toelaatbare aftrekkings met betrekking tot INSETBELASTING.

3.6 As daar GEEN grootboekrekening is om ’n spesifieke transaksie in te voer nie, moet so ’n rekening geskep word. Pas die rekeningstruktuur toe soos wat dit uiteengesit is.

4. BEGINSALDO’S

Gebruik die inligting in punt 1.2 en 1.5 hier bo om die beginsaldo’s van die rekeninge in die algemene grootboek en die voorraaditems op 30 Junie 2018 in die relevante joernaal te verwerk. Druk die lotte en dateer dit op.

Kopiereg voorbehou

5. KREDIETFAKTURE (TERMYN 1)

Campbell Wholesalers ☎ 053 858 3571

BTW-Reg.-nr.: 2587413690 **CW001**

FAKTUUR

AAN: OFFSTAT Stationers
63 Hadison-laan
6985 LOXTON

98 O'Reilly-weg
6985 LOXTON

VOORWAARDES: *10% afslag binne 15 dae*
10% handelsafslag

07/07/2018

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
2	Kramdrukkers	44	44	88	88
4	Neonpenne	59	99	239	96
6	Afkanters	244	44	1 466	64
8	Bostik 100 g	22	25	178	00
10	Waskryte ❶	153	60	1 536	00
			Subtotaal	3 509	48
			10% Afslag	350	95
				3 158	53
			14% BTW	442	20
			TOTAAL	**R3 600**	**73**

❶ OFFSTAT Stationers het besluit om waskryte in voorraad te hou. Lê die nuwe voorraad vas. Itemkode 148. Eenheid: 12P. Tik die kosprys en verkoopsprys in.

BELASTINGFAKTUUR **SS14**

BTW-Reg.-nr. 3579514628

053 173 9431

Besonderhede van klant:
OFFSTAT Stationers
63 Hadison-laan
6985 LOXTON

STATESMAN STATIONERY
7 Morgan Stally-rylaan
Pella, 8891

VOORWAARDES: *Streng 30 dae*

DATUM: 14/07/2018

Beskrywing	Ingeslote bedrag	
2 Vertoonkabinette @ R3 500 elk	7 000	00
10 Lêers @ R50,00 elk vir kantoorgebruik	500	00
500 Verpakkingsakke @ R2,50 elk	1 250	00
TOTAAL	**R8 750**	**00**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

King Office Supplies ❷

☎ 053 258 1793
🖷 053 258 1777

BTW-Reg.-nr.: 9876543210

BELASTINGFAKTUUR **KOS10**

AAN: OFFSTAT Stationers
63 Hadison-laan
6985 LOXTON

33 Colville-straat
CONCORDIA
8271

VOORWAARDES: *5% afslag binne 60 dae*
7,5% handelsafslag

3, CONCORDIA, 8271
21/07/2018

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys		Bedrag	
5	Balpuntpenne	146	66	733	30
4	Liniale 30 cm	3	99	15	96
3	Permanente merkpenne	24	99	73	10
			Subtotaal	822	36
			7,5% Afslag	61	68
				760	68
			14% BTW	106	50
			TOTAAL	**R867**	**18**

❷ OFFSTAT Stationers het besluit om ’n nuwe verskaffer, naamlik King Office Supplies, te gebruik. Verskafferkode: S004. Die kontakpersoon is Carley Titus, en sy kan gekontak word by 0848523947 en by titus.c@gmail.com. Kredietperk: R4 000,00. Laat addisionele afslag van 2,5% toe op die permanente merkpenne.

6. TERUGSENDINGS AAN VERSKAFFERS (Termyn 1)

DATUM	VERSKAFFER	REDE
22/07/2018	Statesman Stationery	20 Verpakkingsakke – verkeerde grootte
25/07/2018	King Office Supplies	1 Balpuntpen –verkeerde kleur 1 Permanente merkpen – nie bestel nie

Kopiereg voorbehou

7. VOORRAADVERKOPE (Termyn 1)

- Rekening Z99 word vir ALLE kontantverkopetransaksies gebruik.
- Kontantverkopeklante kry 10% kontantafslag op alle aankope.
- Die name en adresse van ALLE kontantklante moet op die dokumente aangedui word – gebruik die 'delivery address'-veld.
- Boodskap vir kontanttransaksies: Kontantverkoop: 6–8 Augustus 2018

NAAM	DATUM	VOORWAARDES	BESONDERHEDE
Nuwe klant: Loxton Stores ❸ 10 Primrose-weg MIER 8811	05/07/2018	5% faktuur-afslag	1 Afkanter 3 Neonpenne 5 Kramdrukkers
Pella Distributors	10/07/2018	15% binne 7 dae 5% handels-afslag	4 Balpuntpenne 2 Liniale 30 cm 4 Bostik 100 g 2 Permanente merkpenne Koerierkoste: 52 km
Lime Acres 13 Colville-straat CAMPBELL 8306	15/07/2018	Kontantverkoop	2 Bostik 100 g 2 Liniale 30 cm 4 Afkanters Koerierkoste: 25 km
Louisvale Pty Ltd	20/07/2018	7,5% binne 45 dae	2 Kramdrukkers 4 Neonpenne 6 Balpuntpenne

❸ OFFSTAT Stationers het besluit om aan 'n nuwe kredietklant, naamlik Loxton Stores, te verkoop. Kode: C003. Die kontakpersoon is Rugaya Davids. Sy kan by rugayad@la.co.za gekontak word. Telefoon: 053 357 1739. Posadres: Posbus 654, MIER, 8811. Selfoon: 071 234 5678. Kredietperk: R5 000,00. BTW-Reg.-nr.: 1472583690. OFFSTAT Stationers sal 7,5% afslag toelaat binne 10 dae.

8. TERUGSENDINGS DEUR KLANTE (Termyn 1)

NAAM	DATUM	BESONDERHEDE VAN TERUGSENDINGS
Pella Distributors	15/07/2018	1 Liniaal 30 cm – verkeerd gefaktureer 2 Bostik 100 g – ontvang balpuntpenne

Kopiereg voorbehou

9. KONTANTONTVANGSTE (Termyn 1)

Kontant ontvang volgens kasregisterrolle

OFFSTAT Stationers 63 Hadison-laan 6985 LOXTON		
Naam van kassier: Neo Rakgalakane		
CRR 001	12:24:48	15/07/2018
Kontantaankope		R2 501,60
Behou asseblief u strokie as bewys van aankope.		

Duplikate van kwitansies uitgereik

Nr. 001	Datum: 01/07/2018	
ONTVANG VAN: **Marco Williams**		
die som van **Vyf-en-sestigduisend alleen**		
rand	**65 000**	**00**
nul sent		
Vir **Kapitaalbydrae**		
Jandré Malgas	Met dank	

Nr. 002	Datum: 18/07/2018	
ONTVANG VAN: **Loxton Stores**		
die som van **???**		
??? rand	**???**	**??**
??? sent		
Vir **Betaling van faktuur met datum 5 Julie 2018**		
Jandré Malgas	Met dank	

Nr. 003	Datum: 25/07/2018	
ONTVANG VAN: **Pella Distributors**		
die som van **Eenduisend-seshonderd-**		
agt-en-dertig rand	**1 638**	**87**
Sewe-en-tagtig sent		
Vir **Betaling van faktuur op 10 Julie 2018**		
Jandré Malgas	Met dank	

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

Nr. 004	Datum: 31/07/2018	
ONTVANG VAN: **Phelisa Malantsi**		
die som van **Eenduisend-vyfhonderd**		
slegs rand	**1 500**	**00**
nul sent		
Vir **Kommissie ontvang**		
Jandré Malgas	Met dank	

Duplikate van depositostrokies

CAPITEC DEPOSITOSTROKIE				DEP1	
16/07/2018 Rekeningnommer:				10102101021	
Krediet:	*OFFSTAT STATIONERS*		**Kontant**	2 501	60
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. Marco Williams	CAP	LOXTON	65 000	00
	2.				
			TOTAAL	67 501	60
Inbetaal deur:	***Jandré Malgas***				

CAPITEC DEPOSITOSTROKIE				DEP2	
24/07/2018 Rekeningnommer:				10102101021	
Krediet:	*OFFSTAT STATIONERS*		**Kontant**		
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. Loxton Stores	ABC	Mier	???	??
	2.				
			TOTAAL	???	??
Inbetaal deur:	***Jandré Malgas***				

CAPITEC DEPOSITOSTROKIE				DEP3	
31/07/2018 Rekeningnommer:				10102101021	
Krediet:	*OFFSTAT STATIONERS*		**Kontant**		
Bankstempel	**Naam van trekker**	**Bank**	**Tak**		
	1. Pella Distributors	CHASE	Pella	1 638	87
	2. P Malantsi	HOPE	Louisvale	1 500	00
			TOTAAL	3 138	87
Inbetaal deur:	***Jandré Malgas***				

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

10. WISSELGELDBETALINGS (Termyn 1)

Die volgende is ’n lotopsomming van wisselgeldbetalings wat tydens Julie 2018 gemaak is. Die laaste wisselgeldbewys was 107.

Datum: 06/07/18			**OFFSTAT STATIONERS WISSELGELDBEWYS**
Bedrag:	R50,00	**Vir:**	Snoepiegeld – eienaar se dogter
Goedgekeur deur:	Sylvia Mabeche		

Datum: 12/07/18			**OFFSTAT STATIONERS WISSELGELDBEWYS**
Bedrag:	R125,00	**Vir:**	Koop suiker, melk, tee vir personeel by Bayside
Goedgekeur deur:	Sylvia Mabeche		

Datum: 18/07/18			**OFFSTAT STATIONERS WISSELGELDBEWYS**
Bedrag:	R25,00	**Vir:**	Voda C – lugtyd (skep ’n subrekening onder ‘Telefoon en faks’ vir lugtyd.)
Goedgekeur deur:	Sylvia Mabeche		

Datum: 24/07/18			**OFFSTAT STATIONERS WISSELGELDBEWYS**
Bedrag:	R123,45	**Vir:**	LMA Computers – rekenaarkabel
Goedgekeur deur:	Sylvia Mabeche		

Kopiereg voorbehou

11. TJEKBETALINGS (Termyn 1)

107	108
01/07/2018	04/07/2018
TO/AAN: Mier Deli	***TO/AAN***: Loxton Municipality
FOR/VIR: Kolwyntjies – personeel	***FOR/VIR***: Voertuiglisensies
AMOUNT/ BEDRAG: R500,00	**AMOUNT/ BEDRAG**: R3 356,78
109	**110**
07/07/2018	15/07/2018
TO/AAN: Campbell Properties	***TO/AAN***: Campbell Wholesalers
FOR/VIR: Maandelikse huur Eienaar: R10 150,00	***FOR/VIR***: Betaal rekening
AMOUNT/ BEDRAG: R32 323,23	**AMOUNT/ BEDRAG**: R???
111	**112**
24/07/2018	25/07/2018
TO/AAN: Statesman Stationery	***TO/AAN***: King Office Supplies
FOR/VIR: Betaal faktuur (laat 2,5% afslag toe)	***FOR/VIR***: Betaal faktuur op 21 Julie 2018
AMOUNT/ BEDRAG: R???	**AMOUNT/ BEDRAG**: R???
113	**114**
31/07/2018	31/07/2018
TO/AAN: Kontant	***TO/AAN***: Concordia Motors
FOR/VIR: Herstel bedrag wisselgeld na R800,00	***FOR/VIR***: Afleweringsvoertuig
AMOUNT/ BEDRAG: R???	**AMOUNT/ BEDRAG**: R345 678,90

Kopiereg voorbehou

12. BANKSTAAT ONTVANG (Termyn 1)

LET WEL: Die bedrae op die bankstaat is korrek.

CAPITEC			
OFFSTAT Stationers 63 Hadison-laan LOXTON 6985 Rek.-nr.: 10102101021		**Staat 1** **Datum: 31/07/2018**	
DATUM	**BESONDERHEDE**	**DEBIET(-) KREDIET**	**SALDO**
01/07/2018	Saldo		50 000,00
06/07/2018	Tjek 108	3 456,78-	46 543,77
08/07/2018	Diensgeld	23,45-	46 519,77
10/07/2018	Tjek 107	500,00-	46 019,77
15/07/2018	Oorplasing	25 000,00-	21 019,77
16/07/2018	DEP1	67 501,60	88 521,37
20/07/2018	Tjek 109	32 323,23-	56 198,14
21/07/2018	Kontanthanteringsgelde	98,76-	56 099,38
23/07/2018	EFT	9 876,54-	46 222,84
24/07/2018	Tjek 111	8 482,50-	37 740,34
25/07/2018	DD1	3 456,78-	34 283,56
26/07/2018	Admingeld	54,32-	34 229,24
30/07/2018	Belastingheffing	91,92-	34 137,32
31/07/2018	DEP3	3 138,87	37 276,19
31/07/2018	Rente	1 346,63	???
31/07/2018	Tjek 114	345 678,90-	???

ADDISIONELE INLIGTING

12.1 Teken die bankkoste en rente aan.

12.2 DD1 op 25 Julie 2018 is vir die maand se versekering van R3 456,78 by Pella Insurers.

12.3 EFT op 23 Julie 2017 is vir die BTW vir Junie 2018.

12.4 Oorplasing CAPITEC is vir ’n belegging by Capitec @ 10,5% rente per jaar (rekening 7150/000).

Kopiereg voorbehou

13. DIVERSE TRANSAKSIES VIR JULIE 2018 (Termyn 1)

Kantoormemo

1/1



OFFSTAT STATIONERS

AAN: *Sylvia Mabeche*	**DATUM:** 31/07/2018

Teken die sluitingsoorplasings vir Onttrekkinge en Netto Wins/Verlies in die relevante joernaal aan.

Kantoormemo

1/2



OFFSTAT STATIONERS

AAN: *Sylvia Mabeche*	**DATUM:** 31/07/2018

'n Klant, N. Bokveld, wat afgeskryf is weens insolvensie, het besluit om van die geld wat hy skuld, terug te betaal. Die uitstaande bedrag was R3 450,00. Hy betaal 65c op die Rand. Teken die transaksie in die relevante joernaal aan. Druk die joernaal en dateer dit op.

Kantoormemo

1/3



OFFSTAT STATIONERS

AAN: *Sylvia Mabeche*	**DATUM:** 31/07/2018

Selekteer 'Interest charged after' vir alle kredietklante en verander na 'One period after terms'. Hef rente op die klante se agterstallige rekeninge.

14. DRUKSTUKKE (Termyn 1)

Die volgende drukstukke moet ingehandig word, in die volgorde wat hier onder aangedui word. Die gerekenariseerde dokumente moet in die korrekte numeriese volgorde gesorteer word.

14.1	Algemene joernaal (‘general journal’) – saldo’s (Junie 2018)	(10)
14.2	Voorraadjoernaal (‘inventory journal’) – saldo’s (Junie 2018)	(8)
14. 3	Gerekenariseerde brondokumente (Julie 2018):	
	Verskafferfakture	(18)
	Debietbriewe	(8)
	Belastingfakture	(31)
	Kredietbriewe	(6)
14.4	Lotinskrywings (‘batch listings’) met gegenereerde inskrywings (Julie 2018):	
	Verskafferjoernaal (‘supplier journal’)	(10)
	Verskaffervoorsieningsjoernaal (‘supplier allowance journal’)	(6)
	Algemene joernaal (aanpassings) [‘general journal (adjustments)’]	(12)
	Wisselgeldbetalingsjoernaal (‘cash float payments journal’)	(7)
	Kontantbetalingsjoernaal (ná bankrekonsiliasie) [‘cash payment journal (after bank reconciliation)’]	(25)
14.5	Besonderhede van soorte inskrywings van kontant-ontvangstejoernaal vir Julie 2018	(12)
14.6	Bankrekonsiliasiestaat soos op 31 Julie 2018	(4)
14.7	Verskafferinskrywing van King Office Supplies (wys besonderhede) (geen gebruikergedefinieerde velde)	(9)
14.8	Inkomstestaat vir Julie 2018 (MOENIE nulitems druk nie)	(3)
14.9	Balansstaat vir Julie 2018 met die alternatiewe uitleg; druk kapitaal aangewend eerste	(2)
14.10	Gedetailleerde grootboek van ALLE kredietklante (‘customers detailed ledger’)	(6)
14.11	Druk itemgebaseerde pryslys vir *waskryte* en wys slegs die eksklusiewe verkoopsprys.	(3)
		[180]

TOTAAL AFDELING A: 180

AFDELING B

VRAAG 2

Gebruik die notafasiliteit om hierdie afdeling te beantwoord.

2.1 Me. Shemeez Pietersen is die boekhouer wat daarvoor verantwoordelik is om die VAT 201-opgawe te voltooi, maar sy het baie foute gemaak.

Identifiseer TIEN foute wat sy gemaak het, en tik hulle in die notafasiliteit in deur hulle van 2.1.1–2.1.10 te nommer. Dui langs elke fout wat jy identifiseer vir Me. Pietersen die korrekte antwoord aan. Gebruik die inligting hier onder om jou te help.

Handelsnaam: CFS Traders
BTW-nr.: 2583697410
Belastingtermyn: Junie 2018
Datum voltooi: 20 Julie 2018

BTW-VERSLAG vir 2 termyne soos op 30 Junie 2018						
	UITSETBELASTING		INSETBELASTING		NETTO BELASTING	
	Belasting	Bruto	Belasting	Bruto	Belasting	Bruto
Standaard	-31 807,01	-259 000,00	5 460,30	44 462,47	-26 346,71	-214 537,53
Kapitaal			4 555,37	37 093,76	4 555,37	37 093,76
Slegte skuld	-208,77	-1 700,00	904,93	7 368,71	696,16	5 668,71
TOTAAL	-32 015,78	-521 400,00	10 920,60	88 924,94	-21 095,18	-171 775,07

HANDELSNAAM CFA Traders	BTW-registrasienommer 2583967410	Einde van termyn 20 Julie 2018
BEREKENING VAN UITSET-BTW	**RAND ALLEEN**	**BTW (2 desimale)**
Standaardtarief	259 000,00	31 807,01
Kapitaalgoedere		
Ander		904,93
TOTALE UITSET-BTW		32 015,78
BEREKENING VAN INSET-BTW		
Kapitaalgoedere		5 460,30
Standaardtarief		4 555,37
Slegte skuld		
Ander		904,93
TOTALE INSET-BTW		10 920,60
BEDRAG BETAALBAAR/ONTVANGBAAR		21 095,18
	Boekhouer	20 Julie 2018
Handtekening van gemagtigde persoon	**Hoedanigheid**	**Datum**

(10 × 1) (10)

2.2 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word, en tik hulle in die notafasiliteit langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in.

2.2.1 Wanneer daar aan klante afslag gegee word vir vroeë betaling, is die bedrag onderhewig aan (geen/14%) BTW.

2.2.2 In die kontantontvangstejoernaal word die (verkoperekening/ kontantverkoperekening) gebruik wanneer die totale van kasregisterrolle verwerk word.

2.2.3 'n Bedrag van R250,00 word aangevra om die kleinkas se voorskotbedrag te herstel. Hierdie transaksie sal in die (kleinkas/bank) verwerk word.

2.2.4 Die drukstuk van 'n klant se (gedetailleerde grootboek/inskrywing) bevat 'n uiteensetting van al die klant se transaksies vir 'n spesifieke termyn.

2.2.5 Toelaatbare afslag wanneer 'n klant 'n spesifieke rekening betaal, sal in die (kontantbetalingsjoernaal/kontantontvangstejoernaal) aangeteken word.

2.2.6 (Verskafferfaktuur/verskafferjoernaal) sal gebruik word om die kredietaankope van rekeninge in die algemene grootboek aan te teken.

(6 × 1) (6)

2.3 Wanneer beginsaldo's aan die begin van 'n finansiële jaar verwerk word, word die saldo's in termyn 12 van die vorige jaar oorgeskryf.

Gee TWEE redes hiervoor. (2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

(6030154)

BYLAE

TOELAATBARE AFTREKKINGS MET BETREKKING TOT INSETBELASTING

		WORD BTW GEHEF?		IS INSET AFTREKBAAR VIR BTW?	
		JA	NEE	JA	NEE
Advertensies		X		X	
Bankkoste:	Admingeld	X		X	
	Diensgelde	X		X	
	Kontanthanteringsgelde	X		X	
	Tjekboek	X	X	X	
	Belastingheffing				
Kommissie		X		X	
Rekenaaruitgawes		X		X	
Verbruiksgoedere		X		X	
Koerier en posgeld		X		X	
Depresiasie			X		
Elektrisiteit en water		X		X	
Vaste bates		X		X	
Versekering		X		X	
Rente betaal/ontvang			X		
Beleggings			X		
Motorvoertuie: Versekering en lisensies		X		X	
Drukwerk en skryfbehoeftes		X		X	
Munisipale belastings			X		
Verversings		X		X	
Huurgeld betaal/ontvang		X		X	
Salarisse en lone			X		
Telefoon en faks		X		X	

Kopiereg voorbehou